

# 'n Steunpilaar in die nuwe Jerusalem

Teks: Openbaring 3: 7 - 13  
Teksvers: Openbaring 3: 12

## 1. Inleiding

In ons reeks oor die opbou van die gemeente, kom ons vandag by die sesde brief aan 'n gemeente in openbaring. Ons fokus val vandag op die brief aan die gemeente in Filadelfia. Filadelfia is natuurlik die Griekse term vir broederliefde. Maar uiteindelik is die nie die fokus van ons boodskap vanoggend nie. Nee, ons fokus is op iets fisies. Ons gaan kyk na 'n pilaar of steunpilaar. Want die Heilige, die Waaragtige gebruik die beeld van 'n pilaar om aan ons waarhede oor die plek van die volhardende gelowiges te verduidelik.

Wanneer ons na die geskiedenis van die stad Filadelfia in die tyd van die brief kyk, sien ons dat 'n stewige pilaar 'n belangrike plek het. Want die stad Filadelfia het 'n paar groot aardbewings deurgemaak in hierdie tyd. En 'n pilaar het die funksie om die dak of struktuur op te hou. Dit is dan ook juis in 'n pilaar waar ons eerste struktuele skade sien, in iets soos 'n aardbewing.

Maar wat bedoel ons teksvers in die beskrywing van 'n pilaar wat nooit weer sal verwyder word nie. Wat nooit weer uitgaan uit die stad uit nie. Om meer hieroor te verstaan gaan ons stilstaan by die drie name wat op die pilaar geskryf is. Want soos alles in die Woord van die Here is daar 'n spesifieke betekenis aan die aanbring van elke Naam op die pilaar.

Uiteindelik is dit vir ons belangrik om ook tot self ondersoek te kom, oor ons plek in as die pilare in die tempel van die Here. Is om 'n pilaar te wees in die tempel van die Here nog vir ons so belangrik as wat dit behoort te wees?

## 2. Die eerste Naam op die pilaar

Die eerste naam wat op die ewige pilaar in die nuwe Jerusalem voorkom, is natuurlik vir ons geen verassing nie. Die eerste naam openbaar iets van die oorsprong van alle pilare. Eintlik die oorspron van alles. Sien dit werk soos wanneer ons in 'n konstruksie projek al die pilare sal merk om hulle oorsprong en vervaardiging aan te dui. In die konstruksie wêreld kan dit belangrik wees om kwaliteit en spesifikasies aan te dui.

Maar kom ons neem 'n tree terug en verduidelik wat hier gebeur. Beide Sardis en Filadelfia ontvang baie positiewe briewe. Ons sien nie in die twee briewe die gebruikelike teregwyding wat ons gewoonlik in hierdie briefboodskappe aantref nie. Tog is die probleem dikwels met sulke positiewe boodskappe 'n ongesonde selfbeeld. 'n Trots wees in my vermoë. Maar dit is juis dan wanneer dit belangrik is om te beseef dat alles wat ek is en het alleen maar uit die hand van die Here kom.

Dit is belangrik om die oorsprong en onderhouer van alles te erken en te bely. Die Here gee self die Pilare vir die nuwe stad. Hy skep hulle en vorm hulle, sodat hulle uiteindelik, hulle plek en doel kan volstaan. En dan word Sy Naam daarop geskryf. Dit word as 'n ware uiteindelik afgeteken dat dit van beste oorsprong kom.

Ook wanneer ons vandag groei in die geloof, wanneer ons die voorreg het om my roeping tot eer van die Here te kan uitleef. En dan veral waar dit goed gaan met die uitlewing van daardie roeping. Waar ek miskien die voorreg het om alreeds hier in die plaaslike gemeente van die Here iets van die 'n steunpilaar te wees. Juis dan moet ek onthou, dat dit glad nie deur my eie toedoen is nie. Die Here skep mense, hulle sondig, en dan

herskep Hy hulle weer wanneer hulle verlos word in Christus. En hierdie mense het uiteindelik die voorreg om ewige pilare in die Nuwe Jerusalem te wees. Pilare wat nooit verwyder sal word nie.

### **3. Die tweede Naam op die pilaar**

Die tweede naam wat aangebring word op die pilaar is die naam van die stad van God, die nuwe Jerusalem. Dit voel dalk so half uit plek uit. Maar eintlik voel die hele idee van die tempel in die nuwe Jerusalem uit plek uit. Want Openbaring 21:22 sê tog duidelik vir ons dat daar nie 'n tempel in die nuwe Jerusalem sal wees nie. Dit is dus duidelik dat die pilaar van die tempel in ons teksvers baie meer simbolies as fisies is.

Nietemin is die tweede naam op die pilaar vir ons belangrik. En weereens kan ons na die konstruksie wêreld gaan. Op bou materiaal kan ook die naam van die projek of onderafdeling daarvan aan gebring word. Dit is immers belangrik dat die regte materiaal op die regte plek uitkom en ook daar bly. Wanneer dit dan by sleutel komponente kom soos pilare kan daar nie foute gemaak word nie.

Ons lees in vers 10 van die gemeente in Filadelfia se volharding in moeilike tye. Dit is uiteindelik juis hierdie volharding, deur die kragtige werking van die Heilige Gees, wat die pilaar geskik maak. Wat die pilaar sterk genoeg maak vir 'n plek in die ewige tempel van die Here. Uiteindelik 'n pilaar wat duidelik gemerk is vir die tempel van die Here.

Ons kan uiteindelik ook nie anders as om terug te kom by ampswerk en die pilaar gedagte in hierdie punt nie. In 1 Timoteus 3:15 skryf Paulus wanneer hy oor ampswerk praat die volgende: “<sup>15</sup>Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid”

Dit is dus duidelik dat 'n pilaar wat gemerk is vir die tempel van die Here, in waarheid moet staan. Die pilaar waarop die naam van die nuwe stad Jerusalem wat in sy geheel ook tempel is, aangebring word, is dus 'n pilaar van waarheid.

### **4. Die derde Naam op die pilaar**

Die laaste naam wat aangebring word op die ewige pilaar is die Naam van Christus self. En hier word verwys na Sy nuwe naam. Dit is dus die nuwe naam waarna hoofstuk 2:17 en hoofstuk 19:12 verwys. Dit is die naam wat niemand ken nie. Maar vir 'n verduideliking van die aanbring van hierdie derde naam gaan ons nie terug na die konstruksie wêreld nie. Nee, ons gaan terug na die Ou Testamentiese tempel.

In die Ou Testamentiese tempel was daar ook pilare. En wanneer ons na die beskrywing van die tempel wat Salomo laat bou het kyk, sien ons ook inskrywings op die pilare. Die pilare in die ingangsportaal bevat die woorde: Jakin (“mag hy vasmaak”) en Boas (“mag sterkte in hom wees”) onderskeidelik.

Maar die Ou Testamentiese lig oor hierdie derde naam op die pilaar gaan nog verder as dit. In 2 Konings 11:14 sien ons dat koning Atalia besef Joas is koning wanneer sy hom by die pilaar in die tempel gewaar, soos wat die gebruik was. Dit is hierdie inligting en verskeie ander antieke aantekeninge oor die inwyding van konings wat onlangse studie oor hierdie laaste naam op die pilaar beïnvloed het.

In die antieke ooste was dit onder baie volkere die gebruik om die koning se naam aan te bring op 'n pilaar, dikwels in die tempel, tydens sy inhuldiging. Die stadvastigheid van die pilaar het dan simboliese 'n hoop vir 'n standvastige regering ingehou.

Alhoewel ons nie met sekerheid kan sê nie, gee die gebeure in 2 Konings 11:14 tog ook hierdie gevoel in Israel. Omdat

Christus uiteindelik in die nuwe Jerusalem as die koning van konings gekroon word. Maak dit seker net sin dat Sy naam op die pilaar in alle ewigheid staan. Uiteindelik weet ons dat die gemeente van Filadelfia ook geprys word omdat hulle enduit aan Christus vashou.

## 5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met 'n laaste gedagte oor hierdie boodskap aan die gemeente van Filadelfia. Ons tref weereens in hierdie brief die boodskap dat die wederkoms gou sal plaasvind. En ons sien ook dat dit 'n goeie ding is vir die gemeente van Filadelfia. En dit bring ons by die vraag aan ons en ons gemeente. Sien ons nog werklik uit na die wederkoms van die Here, omdat ons onverskroke aan die waarheid vashou soos die gemeente van Filadelfia?

Maar meer as net vashou. Hoe lyk ons vashou. Die ongemaklike vraag is of ons

werklik 'n pilaar in die ewige tempel van die Here wil wees, soos wat in ons teksvers belowe word. Veral wanneer ons nou nie bereid is om 'n pilaar te wees in die plaaslike gemeente nie. Wanneer daar soveel verskonings en sake is, wat ons weerhou van dienswerk, van 'n betroubare pilaar in die gemeente wees.

Dit is die boodskap in ons reeks oor die opbou van die gemeente uit hierdie openbaring briewe vanoggend. Die mense van Filadelfia word in ewigheid die pilare in die tempel van God, omdat hulle reeds standvastig pilare in die gemeente hier op aarde was. Pilare wat sterk gestaan het onder intense vervolging en beproewing. Mense wat hulle verlossing in die Here ten harte geneem het, en gehoorsaam aan die werking van die Heilige Gees hulle dienswerk getrou uitgeleef het. Mense wat al was hulle swak en klein volgens vers 8, steeds die Woord van die Here bewaar het, en Sy Naam nie verloën het nie.

Amen